Ps. 36: 2, 3.
Gs. 29: 2, 3.
" 75: 1

# Gaan Terug op Jou Pad!

1 Kon. 19: 1-18

1 Aand. 18. Nov. 1962

1 Kon. 19: 15 - Maar die Here sê vir hom: Gaan terug op jou pad na die woestyn van Damaskus, en gaan heen en salf Hasael as Koning oor Aram.

Elia is 'n voortvlugtende. Hy is 'n banneling uit sy land; daar is 'n pys op sy kop. Vir meer as 3 jr. lank het hy uitgesien na die dag dat hy voor die volk kan staan om as instrument in die hand van God gebruik te word om 'n goddelose Koningshuis se bose mag te breek, om 'n volk weer na God te laat terugkeer. Daardie dag het wel gekom - maar die gevolge daarvan was nie wat Elia verwag het nie. Die volk het wel geroep: „die Here is God!" Mr. Agab het dit gely. En Agab het wel hom voor God verneder, mr. Isebel het haar verhef en sy dood gesweer!

Dit alles kan Elia nie verstaan nie. Was God dan nie d. magtige, die geregtige wat toorn teen die sonde, die heilige wat in die vuurvlam en die blits verskyn het? Waarom is God so stil?

Elia is verward, teneergedruk, moedeloos - God se weë is vir hom duister. Hy moet eers by God kom - God sien, God hoor voor hy iets verder kan doen. // Dan is Elia op pad na Horeb, waar die eerste groot profeet van Israel, Moses, sulke heerlike openbaringe van God gehad het, so persoonlik met God verkeer het. Geen mens kan hom nou hier help of raadgee of lei of antwoord: net God kan dit doen!

Hy land in die spelonk. Heeltemal dit nie bewys kan word nie, beweer sommige Skrifuitleggers dat dit dieselfde spelonk is waar Moses gestaan het toe d. heerlikheid van God aan hom verskyn het (lidw. die i.d. oorspr.). Daar kom nou d. opdrag (dies. as aan Moses in Ex. 34:2) om op d.

berg te gaan staan voor d. aangesig v.d. Here (nadat Hy sy klag voor God gelê het) En dan beleef Elia die wonderlike skouspel:

1) 'n Geweldige stormwind wat die berg skeur, die rotse laat kraak en die klippe laat tuimel – mr. in die wind was die Here nie

2) Toe die magtige aardbewing wat d. fondamente v.d. aarde laat bewe – mr. ook daarin was d. Here nie

3) Toe die versengende vlam van 'n verterende vuur met sy verblindende vonkoms – mr. ook daarin was die Here nie. Dit alles beskou Elia huiwerend, magtend, ~~ver-~~ magtend, in d. spelonk se ingewande!
— En toe dit alles verby is, en die storm en skud-ding en branding verby is: toe kom d. suising van 'n sagte stilte, die koelte van die asemtog van die nastorm. En nou ~~k~~ eers kom Elia uit omdat hy nou weet: dis God wat spreek en roep. Dan draai hy sy gesig toe met sy mantel. Het God dan nie gesê aan Moses: „Niemand kan my aangesig sien en lewe"? En wie is hy, Elia, wat dit sou durf waag om Gods aangesig te wil sien? Asof hy meer aanspraak op God het as enige ander mens?

→ Hoe dikwels soek ons ook d. aangesig v.d. Here, wag ons op d. stem van God, soek ons 'n teken van God! En onbewus draai ons verwagtinge om 'n grootse, magtige openbaring v. God wat sigbaar word in natuurverskynsels + ander tekens waarin God d. mens in vrees voor Hom laat sidder en bewe (soos Israel van ouds toe Moses op d. berg geklim het in donder en bliksem) En nou kom d. Here om Elia te wys dat niks blywends bereik word in d. ~~hart~~ lewe v.d. mens voor sy hart nie geraak & verander word. Hy kom om Elia te leer dat d. ware gemeenskap met God, waarin d. mens Gods stem hoor en sy wil verneem, nooit plaasvind

in storm en geweld, in gejaagdheid en gedrang, in geraas en rumoer. ~~van ons onrustige lewe~~ –

Ja, God wil ons baie beslis leer wat Hy ook aan Jesaja moes sê: „In stilwees en vertroue bestaan julle krag" „Nie deur krag of geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here". Dis wat die Here soek: die gewilligheid van mense om hulle los te maak van hulle eie mens-uitgedinkte planne en hulle onvoorwaardelik te stel i/d hand v God! Mr. daarvoor is nodig stilte en afsondering, om Gods stem te verneem! Is dit nie d. groot stryd v.d. Westerse mens, en by name die stadsmens: om d. stilte sáám met God! Nie die sinlose, inhoudlose stilte van wanhoop en uitputting en ontvlugting – dit beteken niks. Nee, die stilte waarin Gods Gees aktief d. leiding neem om d. mens Gods wil bekend te maak! Hoeveel van ons is nie doodsbang vir hierdie stilte! Ons praat God dood, ons werk God dood, ons redeneer God dood!

In dd. stilte, d suising van 'n sagte wind, hoor Elia God se stem, verneem hy Gods opdrag. „Gaan terug op jou pad – –" Terug? Na Agab, na Isebel, na d. afvallige volk? Ja, sê God, terug. Soos Hy (sy dissipels teruggestuur het na Jerusalem) 'n Paulus teruggestuur het, Petrus e.a. – so vir Elia. Omdat Hy Elia wil leer: Op dies. pad waar jy jou bitterste nederlaag gely het, op dd. selfde pad sal jy jou grootste oorwinning beleef! Mr. dan moet jy My gehoorsaam!

→ Gods opdrag aan ons in sulke omstandighede: Vlugting of ontvlug vir jou eie swakhede of ander se neerlaging help niks – bring geen oplossing of bevrediging. Kyk d. lewe vierkantig in die oë: „gaan terug op jou pad"! (Nie noodw. dies. pad – mr. jou pad wat God jou wys)

Mr. God sê nie net: gaan terug nie. As Hy opdrag gee is dit altyd verbind aan 'n bepaalde ~~daad~~ werk. En hier in Elia se geval gee d. Here Hom 'n drieledige opdrag met 'n wonderlike bemoediging daarby:

① Salf Hasael as Koning oor d. Arameërs
② " Jehu " " oor d. Israeliete
③ " Elisa – profeet oor Juda & Israel!

– God openbr. d. Toekoms aan Elia: die komende tyd gaan tyd v oordeel en gerig word oor Juda – en in da gerig gaan God ook 'n heidense Koning gebruik (Hasael). En Elia is d. instrument om dit aan te kondig! Hoe wonderlik is God se wee! Ja, sê God aan Elia, hier het jy wat jy ~~gesoek~~ gesoek en gevra het, Elia: dié manne is d. manne van verstomming en aardbewing en vuur. Hulle sal vernietig en vernuwe en verbreek (as deel v Gods Toelating oor sy opstandige, ongehoorsame volk).

Maar, sê God daarby, hulle is nie d. ware bouers v.d. Kon. v. God nie. Net instrumente in Gods hand, mr. die eintlike bouwerk v/d Kon. word gedoen in d. stilte; die suising v Gods Gees as wind wat d. harte deurwaai v.d. 7000 getroues in Israel, d. stilles in d. land, wat d. knie voor Baäl nie gebuig het nie. Daar is d. ware Kerk v.d. Here, daar, Elia, is d. ware volk van God. En hulle is daar Elia, jy ~~is~~ het nie alleen oorgebly nie — want een met God is altyd 'n meerderheid!

→ U sê ook: ag, ek is nie kerks, in hoë gestoeltes, ... Dis nie d. vr.: Die vraag is — Is u een v.d. 7000 wat in alles en bo alles getrou bly aan God? Om u hart en lewe oop te stel vir die sagte suising van Gods Gees?

→ „Gaan uit en staan op d. berg voor d aangesig v d Here"